Tel: (017) 634-8242 / 634-8244
Faks: (017) 631-1010
Posbus: 3897

Laerskool Kruinpark

hoof@kruinpark.co.za
admin@kruinpark.co.za
fin@kruinpark.co.za

H/v Sheba-en Vaalrivierstraat, Secunda, 2302

# LAERSKOOL KRUINPARK

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

As 'n leerling van **Laerskool Kruinpark,** onderneem ek,

- *Om al my talente te gebruik sodat ek kan ontwikkel tot die beste kind wat ek kan wees en dat ek sal saamwerk met my onderwysers, ouers en afrigters wat my daarmee help.*
- *Dat ek verstaan en glo dat dit elke leerder van Kruinpark se reg is om, sonder om gepla te word, te leer en geleer te word en daarom nie die klas of my onderrigtyd sal ontwrig nie.*
- *Om glad nie deel te wees van geweld, viktimisasie (boelie), rassisme, vandalism of enige onaanvaarbare gedrag by die skool, of in die publiek nie.*
- *Om my maats – en die skool se eiendom te respekteer en mooi daarmee te werk.*
- *Om die skool se reëls na te kom en daarmee saam te stem.*
- *Om Kruinpark se ouers, personeel en leerders te respekteer.*
- *Om nie swak taal te gebruik of iemand, in persoon of aanlyn sleg te sê nie.*
- *Om my skoolwerk, mondelinge opdragte en take te doen en te leer vir my toetse en eksamens.*
- *Om altyd my hare en skooldrag volgens die skoolrëels te dra, by die skool en in die publiek.*
- *Om die skool se reëls oor sosiale media, selfone, alkohol, rook en enige middels wat bedwelmend is, na te kom.*
- *Om by geen vorm van pornografie of seksuele wandade betrokke te wees nie.*
- *Om niks te steel of oneerlik te wees nie.*
- *Om nie gevaarlike voorwerpe en wapens, waarmee ek my maats kan seermaak, skool toe te bring nie.*
- *Om getrou skool toe te kom, nie onnodig van die skool af weg te bly, of die skoolterrein sonder toestemming te verlaat nie.*
- *Om die skool se waardes en erekode uit te leef.*
- *Om al die reëls rakende COVID 19 en my gesondheid stiptelik na te kom, om sodoende myself en ander te beskerm.*
- *Om my te onderwerp aan die skool se dissiplinêre stelsel.*

Ek verstaan dat ek geskors kan word as ek die skoolrëels en gedragskode oortree, dat die KRUINPARK GEDRAGSKODE ten alle tye geld, terwyl ek 'n ingeskrewe lid van Laerskool Kruinpark is en dat die skool se kamera stelsel gebruik kan word as bewys van my oortredings.

*(Onderwyswet, Januarie 2001)*